AD1901 6.5

# With Compliments
# from
# R. I. Arenstein & Fehler

ATTORNEYS

1ST FLOOR
LINCOLN HOUSE
MASONIC GROVE
DURBAN

TELEPHONES 24411
28605
P.O. BOX 2099

AD1901 .65

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN PRETORIA

GEHOU TE PRETORIA.

SAAKNOMMER: SHJ. 239/63.

DATUM: 4 APRIL 1963.

| | |
|---|---|
| DIE STAAT teen: | WILLIAM KHANYILE. |
| VOOR: | MNR. W.A. VAN HELSDINGEN. |
| KLAGTE: | REPUBLIEK VERLAAT SONDER PERMIT OF PASPOORT. |
| PLEIT: | ONSKULDIG. |
| NAMENS DIE STAAT: | MNR. V. MARINUS. |
| NAMENS DIE VERDEDIGING: | IN PERSOON. |

\- - - - - - - - - - - - - - - -

| | |
|---|---|
| TOLK: | GEORGE. |
| OPERATRIESE: | G. DE BEER. |
| OORSKRYFSTER: | MEV. A.H. COETZEE. |

\- - - - - - - - - - - - - - -

AANKLAER LEES KLAGTE.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: FRANCOIS ALWYN SMIT: v.o.e.

Speurdersersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Pretoria? -- Ek is.

Op 4 Maart 1963 het u gegaan na die Federale Paskantoor van Suid-Rhodesië te Beitbrug? -- Ek het.

Hét u die beskuldigde daar gesien? -- Ja.

Saam met wie was hy? -- Hy was in 'n groep van 36 ander Bantoemans gewees.

Was die beskuldigde binne die staatsgebied van Suid-Rhodesië? -- Hy was.

Het u die beskuldigde en die res van die groep vergesel tot binne-in die Republiek en geneem na mnr. Glas, die paspoortbeheerbeampte? -- Ek het.

Wat het daarna van die beskuldigde geword? -- Ek het hom, met die groep, begelei na Pretoria.

Is daar in Pretoria in u teenwoordigheid vingerafdrukke van die beskuldigde geneem? -- Ja.

Deur wie en op watter datum? -- Deur sersant Bodenstein op die 5de van die derde maand 1963 te Marabastad Polisieselle.

Is dit die vingerafdrukke op die dokument wat u nou inhandig as Bewysstuk C? -- Ja.

KRUISONDERVRAGING DEUR BESKULDIGDE: Wie het Suid-Afrika vertel dat ek het Suid en Noord-Rhodesië en Tanganjika in toe gegaan?

HOF: Het jy enige vrae om te vra in verband met hierdie getuienis? Lateraan sal die ander getuies kom en dan kan jy daardie vrae vra. Maar hierdie is 'n vingerafdruk van jou. Dis al wat hierdie man sê hierso, hy sê dis jou vingerafdrukke wat geneem is op hierdie vorm, Bewysstuk C.

BESKULDIGDE: Geen vrae.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: JAN GLAS: v.o.e.

U is Paspoortbeheerbeampte in diens van die Departement Binnelandse Sake, gestasioneer te Beitbrug aan die grens van

Suid-Rhodesië? -- Ja.

Op 4 Maart 1963 is die beskuldigde na u toe gebring? -- Ja.

Moes die beskuldigde kragtens Wet 22 van 1913 die verklaring op vorm D.I. 10 voltooi? -- Ja.

Het hy dit self gedoen of het u dit namens hom gedoen? -- Ek het dit namens hom gedoen.

Watter inligting het hy aan u gegee? -- Sy volle name, William Khanyile. Manlik. Ongetroud. 28. Gebore - Pietermaritzburg. Suid-Afrika. Bantoe. Gerepatrieer na Suid-Afrika. Destyds hier woonagtig. Suid-Afrika verlaat gedurende 1963. Adres in Suid-Afrika: Posbus 7, Pietermaritzburg.

U handig dit in, dit is Bewysstuk B. Het u hom gevra vir sy paspoort? -- Ja.

Het hy enigiets kon toon? -- Nee.

GEEN VRAE DEUR BESKULDIGDE.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: GEORGE SEBASTIAAN NIEUWHOUDT:v.o.e.

U is vingerafdrukdeskundige in diens van die Departement Bantoe Administrasie? -- Ek is.

Is u verbonde aan die Sentrale Bewys Buro wat opgerig is kragtens Wet 67 van 1952? -- Ek is.

Het u in u bewaring die register wat instand gehou word ingevolge dieselfde wetgewing en wat besonderhede bevat van alle Bantoes aan wie bewysboeke uitgereik is? -- Ja.

Hoe is die inligting verkry? -- Vrywillig verstrek deur die persoon wat aansoek gedoen het vir 'n bewysboek.

Is daar ten opsigte van iedere houer van 'n bewysboek 'n stel vingerafdrukke verkry en in die kantoor geliaseer? -- Daar is.

Is die inligting in die register toeganklik vir die publiek? -- Dit is.

Het u die stel vingerafdrukke op Bewysstuk C ontvang van speurdersersant Smit? -- Ek het.

Wanneer? -- Op 29 Maart 1963.

Het u toe aan die hand daarvan gepoog om 'n persoon te identifiseer wat die houer is van 'n bewysboek? -- Ek het.

Het u enigiemand identifiseer? -- Ek het.

In watter opsigte was die afdrukke op Bewysstuk C in ooreenstemming met die in u bewaring? -- Sonder twyfel identies.

Het u 'n fotostatiese afdruk gemaak van die register en dit gesertifiseer as juis? -- Ek het.

Watter besonderhede verskyn daarin? -- Persoonsnommer 3508237. Geboortedatum: 1940. Geboorteplek: New Hanover. Name: William Khanyile. Burgerskap: Suid-Afrikaans. Groep: Zulu. Gebore in die Republiek, Geregistreer te Pietermaritzburg. Op 4 Desember 1958.

Is daar 'n foto daarop van die houer van die bewysboek? -- Daar is.

Hoe vergelyk dit met die beskuldigde se voorkoms? -- Dit kom ooreen.

U handig in die afskrif van die register, dit is <u>Bewysstuk D</u>.

<u>GEEN VRAE DEUR BESKULDIGDE.</u>

<u>HOF</u>: Beskuldigde kom voor om 29 jaar te wees. -- Geen beswaar.

Die Hof vind hom as 29 te wees, vandag.

<u>AANKLAER</u>: Handig in eedsverklaring van mnr. J.C. Pretorius <u>Bewysstuk E</u>. Dit is tot die effek dat daar geen paspoort geriewe toegestaan is aan William Khanyile om die Republiek met inbegrip van Suid-Wes Afrika te verlaat nie.

<u>SAAK VIR DIE STAAT</u>.

<u>BESKULDIGDE HET GEEN GETUIES NIE</u>.

<u>BESKULDIGDE SE REGTE WORD AAN HOM VERDUIDELIK.</u>

<u>BESKULDIGDE HET NIKS TE Sê NIE.</u>

<u>AANKLAER SPREEK DIE HOF TOE</u>.

<u>BESKULDIGDE HET NIKS TE Sê NIE</u>.

\- - - - - - - - - - - - - -

<u>UITSPRAAK</u>.

Sê vir hom dis heel duidelik dat hy oor die grense gegaan het sonder 'n permit of paspoort. Ek vind hom skuldig soos aangekla.

- - - - - - - - - - - -

UITGESTEL TOT 5 APRIL 1963.

- - - - - - - - - - - - -

SERTIFIKAAT.

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat voorgaande 'n ware en korrekte weergawe is van bogenoemde saak.

A.H. Coetzee.

Tikster.

LUBBE OPNAMES (EDMS.) BPK.

Collection Number: AD1901

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978

*PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.